Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 14

Junie 2012

Inhoud

Artikels

Ons gesels met: aktrise Marhette van Huyssteen 3
Help! My kind is aggressief. 4
Pienkvoet Pret: Rympies vir die kleintjies! 5
Kuns: Maak ‘n Gogga-bottel 6
Ontmoet vir ‘Tannie Mier’ van *Gogga-Paradys*! 7
Oulike produkte: Nuwe kinderstories 8
Oulike foto’s 9

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie se sambreeltjie 1
Inkleurprentjie 2
Speletjie: Bertie By 10

Bak en brou

Resep: Super soet hamburgers! 6

Kompetisie

Wen ‘n Speurder Morris Muis storie-CD 10
Bestelvorm 11

Foto: Adri Meyer | www.adrimeyer.com

Lekkerluister kinderstories vir die koue winteraande!

Hierdie maand is ons baie opgewonde oor die vrystelling van ons splinternuwe reeks “Afrikaanse Kinderstories” – net betyds vir die winter! Soos die stories uit ons kinderjare, bestaan elke uitgawe van hierdie reeks uit ‘n volkleur A4 boek met stories, en ‘n CD waarop die stories heerlik saamgeluister kan word. Lees gerus ons artikel op bl. 8 om uit te vind hoe jy hierdie kinderstories kan bekom.

Lekkerbekkie het gaan gesels met aktrise en mamma, Marhette van Huyssteen (bl.3), en heerlik gelag vir haar skerp humorsin wanneer dit by die dinge van haar kinders kom! Ontmoet ook vir “Tannie Mier” van Gogga-Paradys Kleuterskool in Durbanville (bl. 7), bak saam met ons “cupcakes” wat soos “hamburgers” lyk (bl. 6), en staan ‘n kans om ‘n “Speurder Morris Muis” storie-CD te wen (bl.10)!

Hierdie maand se Lekkerbekkie is weereens propvol lekkertes. Kruip saam met jou kleinding onder die komberse in, en geniet dit van hoek tot kant saam met ons!

Groete uit die kantoor
Anna Emm

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie se sambreeltjie

Lekkerbekkie Muis het ‘n sambreel gekry. Die sambreel is groot en geel. Lekkerbekkie Muis wil die sambreel oopmaak, maar sy huisie is te klein.

“Agge nee!” sê Lekkerbekkie Muis. “Ek kan nie my sambreel oopmaak nie!”

Dan kry hy ‘n plan. Hy gaan by sy huisie se deurtjie uit en staan op die stoepie. Hy wil die sambreel oopmaak, maar Mossie die mossie roep bo uit die boom:

“Moenie jou sambreel hier oopmaak nie, Lekkerbekkie Muis! Netnou stamp dit teen my nessie en dan val ek uit die boom uit.”

Lekkerbekkie Muis sug. Waar kan hy dan die sambreel oopmaak? Maar dan kry hy ‘n goeie plan. Hy klim uit die boom uit tot onder op die grond. Hy wil sy sambreel oopmaak, maar Ella Eend waggel verby en roep:

“Jy kan nie daardie ding hier oopmaak nie, Lekkerbekkie Muis! Die paadjie is te smal. Daar gaan nie plek wees vir my om verby te waggel nie.”

Lekkerbekkie Muis sug weer. Waar kan hy dan die sambreel oopmaak? Nou kry hy ‘n goeie plan. Hy draf na die riviertjie toe en gaan staan bo-op die plat klip. Maar net toe hy die sambreel wil oopmaak, roep Pieter Padda skielik agter hom:

“Nee, wag, Lekkerbekkie Muis! Jy kan nie jou sambreel hier oopmaak nie! Dis te groot en te geel. Jy sal die vissie skrikmaak en dan sal hulle nooit weer onder die klippe uitkom nie.”

Lekkerbekkie Muis is nou sommer moedeloos. Sy skouertjies hang.

“Ek wil so graag my sambreel oopmaak om te sien hoe dit lyk,” sug hy, “maar daar is nêrens plek nie!”

“Ag, toemaar wat,” troos Pieter Padda. “Kom eerder saam met my dan gaan soek ons skoenlappers tussen die riete. Ek het vanoggend ‘n klomp daar gesien!”

Lekkerbekkie Muis voel nou beter. Hy hou baie van skoenlappers! Hy sit sy sambreel langs die plat klip neer, en wip agter Pieter Padda aan na die riete toe. Maar o aarde! Net toe hulle by die riete kom, begin dit reën!

“Ek reën nat!” roep Mossie die mossie wat aangevlieg kom.
“Ek reën ook nat!” roep Ella Eend en waggel nader,
“En nou het ons nie ‘n sambreel nie!” sug Lekkerbekkie Muis.

Maar kan jy dit glo? Wat kom daar in die lug aangevlieg? Dis die voëltjies, en in hulle bekkies bring hulle Lekkerbekkie Muis se geel sambreel! Vinnig slaan hy dit oop. Oe, dis so groot en so mooi! Dis so groot dat al die diertjies onder die sambreel kan staan! Lekkerbekkie Muis, Pieter Padda, Ella Eend, Mossie die mossie en al die voëltjies. En nie een van hulle reën nat nie.

Die Einde

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2012

Afrikaanse DVD!
Agt stories op DVD oor Lekkerbekkie Muis en sy maats vir kinders 2-5 jaar! (65 min speeltyd)
Bestel jou DVD by lekkerbekkie@annaemm.co.za
R149
DIE AVONTURE VAN Lekkerbekkie Muis
Tel: 021 911 5618 www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Aktrise Marhette van Huyssteen....en haar woelwaters!

Ons het Marhette leer ken as Anke Basson, die klubbestuurder in 7de Laan. Sy het ook verskyn in Egoli as gym instruktrise en Fransie du Plessis, die sielkundige, in Song vir Katryn. Sy het 'n draai op die grootskerm gemaak as Juffrou de la Rey in Karate Kallie en toe aangesluit by die Finesse span as redaktrise.

Hoe oud is jou kinders nou?

Miette is vyf. Sy babbel aanhoudend en peper almal om haar met vrae! Rutger is nou twee en 'n half. Dit is tog vir my baie interessant dat daar so 'n duidelike verskil tussen seuns en dogters is: Miette speel van nature eerder met poppe en Rutger was mal oor karre en vliegtuie vandat sy ogies kon fokus!

Wat is die grootste uitdagings met hierdie ouderdomme?

Miette is nou in graad RR. Sy speel nog lekker, maar ons begin stelselmatig bewus word daarvan dat die spelery begin oorgaan in die *edutainment-tipe* ding. Dis nogal scary, want outomaties begin ons wonder of ons kind reg is daarvoor. Daar is soveel buitemuurse aktiwiteite waaraan hierdie kleintjies kan deelneem, dit is totaal oorweldigend. Ek weet nie of dit altyd regtig nodig is nie.

Rutger is nou in die klassieke *terrible two-fase*. Ek probeer my bes om grense vas te lê, en hy probeer sy bes om hulle af te breek! Gelukkig weet ek hierdie fase gaan verby, so ek byt vas.

Dit klink of jou kinders baie verskillende persoonlikhede het!

Miette is 'n ekstrovert en baie dominerend. Sy is ongelooflik kreatief. Wanneer hierdie eienskappe gekombineer word, kry mens die interessantste goed, bv. haar uitrustings: 'n mengelmoes van kleur en laag-op-laag items, saam met haar skoene-van-die-oomblik. Haar hare is gewoonlik 'n ontploffing van linte en blomme, alles ineengevleg met haar eie vingertjies. Ek laat haar so skool toe gaan, want ek voel dis 'n uitdrukking van haar persoonlikheid en bou haar selfvertroue - indien ek voel sy kan negatiewe kriktiek kry oor haar voorkoms sal ek intree.

Rutger is meer van 'n introvert. Hy praat nie sommer met vreemdes nie, maar hy laat hom ook nie boelie nie. As hy voel hy word te na gekom sal hy gou van hom laat hoor. Hy is 'n geweldige perfeksionis: Vandat hy begin karretjies speel het, het hy al sy karretjies in die mees perfekte reguit rye gepak. Hy ruim ook altyd sy kamer op as hy klaar gespeel het, so netjies dat jy nie 'n dingetjie sien rondlê nie.

Ek en Miette verf oor naweke ons naels. Ek en Rutger werk elke middag op mekaar se senuwees tot hy slaap. Grappi! Ek en Rutger speel met sy karretjies op sy dorp-mat wanneer sussie tv kyk.

Daar is gewoonlik 'n klomp goed wat jy vir jouself belowe jy nooit sal doen nie, maar ma-wees kom en verander dit. Was dit met jou ook so?

Ek het altyd gedink ek sal nooit geirriteerd raak met my kinders nie, en altyd met entoesiasme saam met hulle speel. Dit was seker voor ek besef het ek is net 'n mens As ek kinders in winkelsentrums of restaurante gesien *tantrums* gooi het, het ek altyd meewarig gedink "my kinders

sal nooit so maak nie...". Ek besef nou 'n ouer het eintlik net twee opsies: maak vrede daarmee dat daar 'n goeie kans is dat jou kinders dit gaan doen en dat jy dan daarmee sal moet *deal*, of bly heeltyd by die huis! Party dae bly ons by die huis en eet later die aand maar Debonairs Pizza, ander dae gaan ons winkel toe en kom terug met 'n pakslae! Ander kere gaan ons wel winkel toe en kom almal gelukkig terug!

Waarmee is jy self op die oomblik besig?

Op die oomblik fokus ek nie op my loopbaan nie. Ek doen hier en daar 'n klein projekkie. Ek het so 'n interessante loopbaan tot dusver gehad dat ek dit geniet om nou net te ontspan saam met my kinders. Wanneer hulle ouer is, en ek weer lus is, sal ek dalk weer iets groter probeer. Die mees vervullende werk wat ek nog gedoen het was my besigheid, *Babbelbox Kinderteater*, so dit is iets wat ek weer sal ondersoek as die tyd reg is.

Wat is jou drome vir jou kinders?

Geluk. Sukses in wat hulle besluit om te doen. Dat hulle die Gees sal hê om hulle te lei waar hulle moet wees. Dat hulle vriendelike, verdraagsame, hulpvaardige en regverdige grootmense sal word.

© Anna Emm Productions 2012

Help! My kind is aggressief.

Jong kinders se lewentjies kan baie veeleisend wees. Hulle moet al die vaardighede en nuwe dinge van voor af aanleer en beproef. Die leerproses kan baie frustrerend wees.

Terwyl jou kind nog nie geleer het hoe om sy frustrasievlakke te beheer nie, sal hy dikwels oorgaan tot frustrasie-uitbarstings of tantrums. Die verskil tussen 'n gesonde uitdruk van woede en aggressie, is dat aggressie gedrag is wat ander mense, diere of dinge seermaak. Wanneer 'n kind aggressief optree, is daar altyd 'n rede. Kinders se hartseer en bang lê baie naby aan hulle kwaad. Probeer vasstel of daar 'n onderliggende faktor is wat jou kind onseker maak, en let op na watter tyd van die dag en onder watter omstandighede hy so optree. Jy moet die optrede aanspreek, maar om by die oorsaak van die probleem uit te kom, kan lei tot 'n langtermyn oplossing. Daar is baie voorbeelde van aggressiewe gedrag, maar die gevolge daarvan is altyd dieselfde. Dit maak jou kind ongelukkig, want dit maak hom ongewild by ander mense. Hy het jou hulp nodig. Hou hom in jou sig wanneer hy speel sodat jy dadelik kan optree wanneer hy tot aggressie oorgaan. Bly kalm. Hou sy hande vas en hurk af tot op sy vlak. Kyk hom in die oë en sê: "Ek weet jy is kwaad, maar jy mag nie dit doen nie." Hou jou stem rustig en praat met respek met hom. Ons kinders aap ons na, en jou optrede sal hom leer om ook rustig en met respek te praat. Moenie skree nie. En wees geduldig. Jy sal dit oor en oor moet doen voordat hy gaan leer. Heg gevolge aan sy gedrag deur hom te waarsku dat jy die speelding gaan wegvat of hom gaan verwyder van die maatjies as hy weer so optree. Moet nooit iets dreig wat jy nie kan deurvoer nie, en voer dit dadelik uit wanneer hy weer verkeerd optree. *Time-out* is 'n goeie tegniek indien jy dit dadelik toepas, dit kort hou en sorg dat dit baie vervelig vir hom is.

Onthou dat die gedrag verkeerd is, nie die kind nie. Soek vir geleenthede om hom te prys, en doen dit dadelik wanneer hy reg optree. Kinders het nodig om uitdrukking te gee aan hulle energie. Oefening sal baie help om veral by aktiewe kinders aggressie onder beheer te kry.

Moenie skaam wees oor aggressiewe gedrag nie, maar moet dit ook nie ignoreer nie. Tree dadelik en konsekwent op.

Die storie "Nollie die varkie" help kinders wat geneig is tot aggressiewe gedrag.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Rympies vir die kleintjies!

waar grootword kinderspeletjies is

deur
Anelia Prinsloo

'n Prettige manier om jou kind se taal en spraakvaardigheid te verbeter, is om **rympies** op te sê.
Babas word gestimuleer deur die klanke, ritme, rym, opeenvolging en verskillende buigings van jou stem. In kinderrympies is die taaleienskappe belangriker as die betekenis - dis juis waarom kinders dol is daaroor!

Rympies ontwikkel ook jou kind se toekomstige leesvermoë. Hy leer reeds vroeg hoe om tussen klankpatrone te onderskei.

Kleuters kan reeds op 'n vroeë ouderdom met woorde begin "speel" en kort voor lank 'n eenvoudige rympie opsê.

WENKE VIR RYMPIE–TYD:

- Begin jul eie eenvoudige rympies te maak vir bv. etenstyd, badtyd en slaaptyd. So sal jou baba vinnig in 'n roetine kan kom, en later presies weet wat gaan nou volgende gebeur:

DOEDOE BABA SLAAP NOU SAG
BUITE HOU DIE STERRE WAG
DOEDOE BABA SLAAP NOU GOU
ENGELE HOU WAG OOR JOU…..

- Maak die rympies moeliker soos wat jou baba ouer word.
- Rympies kan saam met handgebare en liggaamsbewegings opgesê word om dit meer pret te maak.
  Sê gerus hierdie ou gunsteling:

HANDJIES KLAP, KOEKIES BAK
BRING DIE MEEL, NIE TE VEEL
KLITS DIE EIERS GOU-GOU,
LEKKER EET ONS NET-NOU.

Probeer gerus hierdie oulike een met die nodige bewegings:

DAAR SIT 'N VOëLTJIE OP 'N TAK
HY SPREI SY VLERKE DIE KANT TOE
HY SPREI SY VLERKE DAAI KANT TOE
EN WOEPS! VAL HY IN DIE GAT!

- Maak die rympies interessant deur sommige reëls hard te sê, en sommiges te fluister. Verander ook die ritme - soms stadig en soms lekker vinnig. Of, begin stadig, en sê dan al hoe vinniger.
- Maak jou rympies persoonlik en van toepassing op jou kind. Neem 'n A4 karton en plak 'n foto van jou kind daarop. Plak nou 'n karton (wat soos 'n deurtjie kan oopmaak) bo oor die foto. Leer jou kind die volgende rympie en wys hom hoe om te klop en wanneer hy die "deurtjie" moet oopmaak. Hulle is mal oor hierdie een!

KLOP KLOP, WIE'S BY DIE DEUR?
MAAK OOP DIE DEUR, HIER'S (kind se naam) WEER!

- Die boekwinkels is propvol nuwe, byderwetse rympie boeke. Lees dit elke dag voor vir jou kind.

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by **PIENK-VOET-PRET** waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikkeling aangeraak. Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal. Elke maand word 'n nuwe rympie ook aangeleer!

Kontak my gerus vir meer inligting en om jou plekkie te bespreek!

www.pienkvoetpret.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Maak 'n Gogga Bottel

Die gogga-entoesias in die huis sal hierdie projek baie geniet!

Benodigdhede:

1. Leë 2-liter koeldrankbottel met 'n doppie
2. Mes of skêr
3. Ou sykouse of digte net
4. Veeldoelige gom of kleeflint
5. Grond/sand, plantjies, klippe
6. GOGGAS!

Metode:

1. Haal die "label" van die koeldrankbottel af
2. Vra vir mamma of pappa om jou te help om 'n venster in die kant van die bottel te sny. Maak seker dat die venster nie te groot of te klein is nie.
3. Gaan maak genoeg sand of grond bymekaar en plaas dit deur die venster op die bodem van die bottel. Dit gaan help dat die bottel nie rondrol nie.
4. Maak jou nuwe gogga-maatjies se huisie mooi deur dit met 'n bietjie plantjies en klippe te versier.
5. Sny nou 'n stuk van die sykous bietjie groter as die venster, sodat dit bo-oor die venster geplak kan word.
6. Gebruik veeldoelige gom of sterk kleeflint om die sykous aan die bottel vas te plak. Maak seker dat dit oral toe is sodat jou goggas nie uitglip nie!
7. Nou kan jy jou gogga-maatjies gaan haal en hulle in hulle nuwe huisie sit deur die opening van die bottel.

Sit die proppie op en hou hulle dop!

Resep

Dit lyk so kleurvol soos 'n *hamburger*…..maar dit is stroopsoet soos 'n *cupcake*!

Bestanddele:

1. Sjokolade Muffin Mengsel
2. Vanielje Muffin Mengsel
3. Versiersuiker
4. Botter of Margarien
5. Rooi en Groen voedselkleursel

Metode:

1. Maak Sjokolade en Vanielje Muffins soos op die mengsel pakkie aangedui word. (As jy tyd het, kan jy ook jou eie muffins maak met jou gunsteling resep!)
2. Laat die muffins eers behoorlik afkoel voordat jy dit sny en versier.
3. Smelt 2 eetlepels botter/margarien en voeg dan versiersuiker bietjies-bietjies daarby totdat dit 'n gladde mengsel is.
4. Maak twee afsonderlike bakkies versiersel.
5. Voeg 'n paar druppels rooi voedselkleursel by die een bakkie en 'n paar druppels groen voedselkleursel by die ander bakkie.
6. Sny die Vanielje Muffin in die helfte en smeer op die onderste helfte die groen versiersel.
7. Sny die Sjokolade Muffins in wieletjies en plaas een wieletjie bo-op die groen versiersel.
8. Smeer nou die rooi versiersel bo-op die sjokolade wieletjie.
9. Plaas die bo-kant van die Vanielje Muffin bo-op.

Waarskuwing:
Dit is die SOETSTE SOET!

© Anna Emm Productions 2012

Ontmoet vir " Tannie Mier" en die kinders van *Gogga-Paradys!*

Tannie Mier is die Hoof-Gogga by Gogga-Paradys in Kenridge, en dit weet ons van Miranda van Zyl en haar Goggas….hulle werk so hard soos miere, en is net so bedrywig! En hierdie Goggas is ook die sterre in Anna Emm Productions se DVD, Die Avonture van Lekkerbekkie Muis!

Vertel ons meer van jou skooltjie.
Gogga-Paradys Speelgroepie het 24 "Goggas" tussen 2 en 5 jaar oud, wat 5 dae 'n week hul glimlaggies en voetspoortjies trap en agterlaat in *De Bron, Kenridge*. Ek is die enigste Juffrou aan die stuur van sake, maar met die hulp van my huishulp, *Teslene*, hou ons 'n wakened ogie oor alles en almal binne en buite die skooltjie.

Waar en wanneer het jou idee ontstaan om 'n speelgroepie te begin?
Gogga-Paradys is vanjaar 6 jaar oud! Ek het in 2006 begin met slegs 6 kleuters nadat die "eie-skool-gogga" my behoorlik gebyt het! Van kleins af het ek reeds "skool-skool" gespeel, my onderwysgraad aan *Tuks* verwerf, 10 jaar by 'n laerskool skoolgehou, en uiteindelik in die mooie *Melkbosstrand* my passie vir kleintjies ontdek waar ek 2 jaar betrokke was by *Babbel en Krabbel Kleuterskool*. 'n Eie skooltjie om elke dag ouers se kosbaarste besittings te kan koester en leer asof my eie, was 'n groot droom wat bewaarheid is!

Ek is seker daar is meer as genoeg snaakse stories of staaltjies wat by julle gebeur.
Dit gebeur daagliks! Ek geniet hul nuuskierigheid, verbeeldingsvlugte en opregtheid vreeslik! 'n Interessante vraagie wat begin het by die Bybelverhaal van Noag se Ark… "Ta Mier, hoekom het die vleisvreters nie die ander diere in die ark sommer opgevreet nie? En die katte en slange sou mos die muise gevang het?"

Wat is een van die interessantste of lekkerste dinge wat jy al saam met jou skooltjie gedoen het?
Elke dag is interessant, lekker, opwindend en vol nuwe uitdagings en ontdekkings! Ook tydens elke uitstappie beleef ons soveel nuwe avonture wat die kleine lyfies en breintjies stimuleer! Die jaar-eind konsert en gradeplegtigheid is altyd 'n hoogtepunt! Veral om die "produk" van 'n jaar se groei, leer en ontwikkeling te beleef! Elke jaar en kwartaal beplan ek nuwe aktiwiteite, takies, uitstappies en uitdagings wat oud en jonk kan verryk. Dit bly opwindend en ons stagneer nie.

Ek neem aan dat klasgee nie al is wat jy met jou Goggas doen nie?
Behalwe vir die kardinaal belangrike emosionele sekuriteit, veiligheid en totale mensweesontwikkeling vir elke kind, het ons ook vet pret met *Gym4-Kids*, *Musiek vir ons Kleintjies en Playball*. 'n Hoogtepunt is altyd Vrydae se bak-en-brou sessie! Van al hierdie lekkertes maak ek kwartaalliks 'n CD met foto's vir die mammas, pappas, oumas en oupas! Ek doen ook aanbevelings t.o.v. spraak-, arbeids- en fisioterapeute.

Wat is vir jou 'n groot uitdaging met so 'n skooltjie by jou huis?
Sjoe, behalwe om die yskas of

koskas te probeer vermy?! Om die huislike atmosfeer vir 'n leer- en speelomgewing behoue te laat bly! Ek is hul "ander mamma" by die skool wat hul oppas, liefhet en slimmaak! Boonop is dit lekker om volgens die weer die dag se program aan te pas, bv maak kaggel en bou legkaarte daar of maak gou warm sjokolade of rooibostee met springmielies terwyl ons 'n Bybelstorie (of *Die Avonture van Lekkerbekkie Muis*) kyk! Dit kan nie by 'n staatskool opset gedoen word nie!

Wat is die een ding wat jy baie sterk oor voel wat jy vir jou kindertjies wil leer?
Wat wil jy hê moet hulle weet of met hulle saamvat na die "groot skool" toe.
Elkeen is baie spesiaal en uniek omdat God hom of haar so geskape het. Elk het sy eie talente, vermoëns en potensiaal. Gebruik dit met die goeie self-beeld wat gebou is en met baie selfvertroue. Hul mag nooit sê "ek kan nie", maar wel "ek gaan probeer en probeer". God sal vir ons die krag gee want hy en die Heilige Gees is elke dag by ons en is baie lief vir ons!

Julle kan vir Tannie Mier kontak by 082 805 3182 of mirleh@mweb.co.za.

Speelgoed...
met hulle eie stories!
Kry jou Lievelant sagte speelding en storie-CD met 4 stories vir R200
by www.AnnaEmm.co.za / lekkerbekkie@annaemm.co.za / 021 911 5618

© Anna Emm Productions 2012

Nuwe kinderstories vir saamlees en luister!

Onthou jy nog hoe lekker jy as kind na stories geluister het? Nou kan jy vir jou kleinding dieselfde ervaring gee met die splinternuwe reeks “Afrikaanse Kinderstories”! Die reeks bestaan uit twaalf volkleur A4 boeke – elk met ‘n bypassende CD waarop die stories voorgelees word deur verskeie bekende stemme soos díe van Anrich Herbst, Deon Lotz en Antoinette Louw.

Elke boek het 24 bladsye met volkleur prente waaruit kinders die stories kan saamlees terwyl hulle luister. Aan die einde van elke bladsy is daar ‘n geluidjie wat jou laat weet dis tyd om óm te blaai! Op so ‘n manier kan jou kind nie net die stories geniet nie, maar ook nuwe woorde leer herken en sy leesvaardighede op ‘n heerlike manier ontwikkel. Hierdie reeks beloof om ure se lees- en luistergenot te verskaf, en die eerste 3 boeke en CDs is reeds vanaf 15 Junie beskikbaar by Anna Emm Productions.

Indien jy graag hierdie reeks wil bekom, is daar verskillende opsies:

1. Jy kan uitgawes apart aankoop soos jy wil @ R129 per boek en CD (R20 posgeld). Die eerste drie uitgawes verskyn in Junie 2012, en daarna verskyn daar elke maand nuwe uitgawes.

2. Jy kan die eerste drie uitgawes nou “pre-order” @ R387. (Posgeld gratis) Sodra dit dan in Junie vrygestel word, word jou pakkie dadelik gepos.

3. Jy kan inteken en elke maand een of twee nuwe uitgawes ontvang @ R139 per maand vir 1 uitgawe, en @ R268 per maand vir 2 uitgawes. (Posgeld ingesluit)

Kontak 021 911 5618 of mail@annaemm.co.za vir meer inligting, of voltooi die lidmaatskapvorm op bl.11 om maandelikse nuwe boeke en CDs te ontvang.

Besoek www.AnnaEmm.co.za vir meer inligting oor Anna Emm Productions se produkte.

Opsie 1:

Bestel die uitgawes apart @ R129 elk (R20 posgeld)

Opsie 2:

¨Pre-order¨ uitgawe 1-3 @ R387 voor 15 Junie (posgeld gratis)

Opsie 3:

Sluit aan by die Storieklub en ontvang elke maand ´n nuwe uitgawe @ R139 (posgeld ingesluit)

Ontvang 2 uitgawes elke maand @ R268

© Anna Emm Productions 2012

Sonbrilletjies.....o, o, o, Sonbrilletjies!

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

Almarie Joubert

Ellard Rademeyer

Jayden Stofberg

Ruan Strydom

Ankia & Ilanka de le Rey

Chanté Cordier

Joshua Laurence



Leila Jacobs



Inge Barnard

Marko Woest

Lenushke van Niekerk



Mienke Snyman

© Anna Emm Productions 2012

As jy mooi kyk sal jy sien dat Bertie By se maatjie nie presies soos hy lyk nie...

Daar is 7 verskille in die twee prentjies. Kry 'n gekleurde potlood, en omkring al die verskille wat jy raaksien!

Kompetisie

Vyf gelukkige lesers kan hierdie maand elk "Speurder Morris Muis CD 1", voorgelees deur Antoinette Louw, wen (waarde R80). Die eksentrieke Speurder Morris Muis en sy assistent Alle-Kletsie se avonture begin hier…en word voortgesit op "Speurder Morris Muis CD 2", beskikbaar vanaf 1 Junie by Anna Emm Productions.

Vraag: Watter item verdwyn op storie 3 van Speurder Morris Muis CD 1? (Antwoord by www.AnnaEmm.co.za)

Hoe om in te skryf:
Stuur 'n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon!
Sluitingsdatum: 25 Junie 2012. Die wenners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

Mei se wenners!



Vier Wense CD Kompetisie

Baie geluk aan die wenners van Mei se kompetisie!

Zandria Smit (4jr) van Moorreesburg, Ian Walters (7jr) van Goodwood en Lelize vd Walt (5jr) van Lynnwoodrif is die gelukkige wenners wat die CD, "Vier Wense", voorgelees deur Dorette Potgieter, van Anna Emm Productions ontvang!

Lekker luister!
www.annaemm.co.za

Gift Voucher

Beaudèle Health & Beauty cc
CK 2003/029970/23

10% discount

Take this voucher with you and pay only
R99 for a manicure, or R140 for a pedicure!!

PROUD SPONSOR OF ANNA EMM

3 Pres Brand Cres.
Panorama, Cape Town Tel. 021 930 1065

Kliek op die “fields” om jou inligting in te vul. Kliek dan “stuur” om die vorm aan ons te stuur.

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir ‘n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
☐ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80
☐ **STORIEKLUB BASIES** *met “tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80
☐ **STORIEKLUB DUBBEL-80**	**R159 per maand** Namibië = R179	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80 **1 x A-lys CD** van jou keuse (4 stories) waarde R80
☐ **STORIEKLUB DUBBEL-100**	**R179 per maand** Namibië = R199	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80 **1 x B-lys CD** van jou keuse (6 stories) waarde R100
☐ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R139 per maand** Namibië = R159	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) waarde R129
☐ **STORIEKLUB BOEK&CD DUBBEL**	**R269 per maand** Namibië = R299	**2 x Afrikaanse Kinderstories boeke + CDs** (4 stories elk) waarde R248

My keuse van CDs:

(Daar word maandeliks nuwe CDs vrygestel. Jy mag jou keuse van produkte later telefonies verander, en nuwe produkte kies)

A-lys (4 stories per CD)	*B-lys (6 stories per CD)*
☐ Doefdaf die donkie (4 stories) Lorraine du Toit	☐ Jakkals en Wolf CD 1 (6 stories) Hanri Platzoeder
☐ Speurder Morris Muis CD 1(4 stories) Antoinette Louw	☐ Jakkals en Wolf CD 2 (6 stories) Hanri Platzoeder
☐ Speurder Morris Muis CD 2(4 stories) Antoinette Louw	☐ Bybel Buddies CD 1 (6 stories) Deon Lotz
☐ Die Apies (4 stories) Vicky Davis	☐ Bybel Buddies CD 2 (6 stories) Deon Lotz
☐ Vier Wense (4 stories) Dorette Potgieter	☐ Bybel Buddies CD 3 (6 stories) Deon Lotz
☐ ‘n Honger Gormajors (4 stories) Anrich Herbst	☐ Bybel Buddies CD 4 (6 stories) Deon Lotz
☐ Spiertier die Mier (4 stories) Gys de Villiers	☐ Bybel Buddies CD 5 (6 stories) Deon Lotz
☐ Lievelant die olifant (4 stories) Lorraine du Toit	☐ Bybel Buddies CD 6 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 1 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 2 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 3 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 4 (6 stories) Deon Lotz

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor ‘n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening Datum

stuur